Noordelike Sinode

TAAKSPAN BRUGBEDIENING

Verslag aan die Sinode
16-20 Oktober te Weesgerus

Taakspan:

1 Opdrag.

Die opdrag aan die Taakspan is die fasilitering en implementering van Brugbediening in die sinodale gebied van die Noordelike sinode.

2 Taakspanlede.
Ernst Endress, Paul Grobler, Hennie Kotzé, Christoph Müller (taakspanleier), Francois Naudé.

Uit die aard van die werksaamhede van die taakspan, bestaan daar tans nie 'n behoefte aan 'n taakspan vir Brugbediening nie.
Daar bestaan 'n nasionale werkgroep, wat saamgestel is uit 'n verteenwoordiger van elke streek sinode. Tans koördineer Ds Christoph Müller Brugbediening in die sewe noordelike streek sinodes (Noordelike – Oostelike-, Goudland-, Hoëveld- , Natal en Noordkaap sinode, in samewerking met die Werkgroep vir Brugbediening
Hierdie werkgroep kom maandeliks (via zoom) byeen.

3 Uitvoering van die opdrag.

3.1 Ten einde Brugbediening in die sinode te fasiliteer en implimenteer, word genoem dat daar ook opleiding van brugleraars die Noordelike sinode se gebied plaasvind. Die opleiding word aangebied deur die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap, met Prof Malan Nel as kursusleier en ds Christoph Müller as kursuskoördineerder. Die opleiding vind plaas gedurende een week in Augustus en een week in die November. Werksopdragte word tydens beide weke ingehandig en UP akkrediteer die kursus.

Daar word in die suide ook opleiding gedoen by Communitas in die sinode van die Wes Kaap.

3.2 Oor die laaste aantal jare het gemeentes toenemend begin gebruik maak van brugbediening. Daar bestaan egter steeds wanpersepsies oor die bediening en wat die bediening vir die kerk bied.
Een sodanige persepsie is dat brugbediening net oorweeg moet word

wanneer gemeentes in die moeilikheid is. Die Engelse terme vir die bediening *Interim ministry* met sy voorloper *Transitional Ministry* mag ons dalk help om vandag meer onbevange na brugbediening te kyk.

Brugbediening is 'n **termyn bediening**. Tans is die termyn soos deur die Regliment bepaal drie tot ses maande met die opsie om dit met nog drie maande te verleng, indien nodig. Die brugleraar word (kontraktueel) beroep. Gedurede die termyn word die gemeente begelei aan die hand van 'n bepaalde struktuur (proses), om 'n ingeligte besluit te neem rakende hulle toekoms. Die gemeente self kom in die tydperk tot die besluit rakende die pad vorentoe. Hulle neem dan eienaarskap vir die besluit. Die brugleraar *fasiliteer* slegs die proses met die kundigheid en vaardighede wat hulle tydens die kursus aangeleer het.

Teen die einde van die termyn ontvang die brugleraar demissie en is **nie** beroepbaar **nie.**

3.3 Die laaste aantal jare is brugbedienig by die volgende gemeentes in ons sinode met sukses geimplimenteer en afgehandel.

3.3.1 **Bergtuin** waar Fanie Steyn die brugbediening hanteer het en Ds Enslin van Velden na die bediening beroep is.
3.3.2 **Vaalwater** het ook 'n brugleraar beroep. Na die brugproses het die gemeente die brugleraar as gemeenteleraar beroep. Dit is egter teen die beleid van brugbediening. Die bediening het nie na wense afgeloop nie. Brugleraars is bewus van die feit dat hulle nie beroepbaar is in die gemeente waarin hulle brugbediening doen nie.
3.3.3 Ds Fanie Steyn het verder ook 'n baie suksesvolle brugbediening in **Ellisras Wes** afgehandel, waarna Ds Cornel Viljoen voltyds beroep is.
3.3.4 **Monumentpark Wes**, waar Dr Martin Lazenby as brugleraar opgetree het, het hy die gemeente gehelp om deur trauma te werk na die vertrek van die vorige leraar. Die gemeente het besluit om weer te beroep en het vir Ds Pieter Berrangé as leraar beroep. Dit gaan tans baie goed in die gemeente.
3.3.5 Dr Lazenby was ook brugleraar by **Eldoriange Familie Kerk**. Dit was 'n unieke situasie aangesien Ds Andre Joubert op daardie stadium, steeds voltyds leraar in die gemeente was. Weer eens was die bediening suksesvol gewees. Na die gemeente besluit het om na 'n leraar te kyk met 'n bepaalde profiel, is Dr Christian Ackerman na die gemeente beroep.
3.3.6 By **Marikana** was Dr Trix Truter brugleraar na die afsterwe van Ds JW Vosloo. Na die omvattende proses afgehandel is, het die gemeente besluit om weer te beroep en is ds Theo Oosthuizen beroep.
3.3.7 Dr Truter is tans besig met 'n verlengde fasiliteringsproses na die brugbediening in **Elandsrand** afgehandel is.
3.3.8 Ds Sampie Niemand het uitstekende werk as brugleraar in **Harare** gedoen. Onder baie moeilike omstandighede het hy die gemeentes daar begelei totdat Harare gemeente, Beatrice/Chivu, Marondera/Rusape en die Hervormde gemeente in Harare besluit het om voortaan as een gemeente te funksioneer. Die gemeente het besluit om weer te beroep.

Ds Brits Janse van Rensburg is beroep.
3.3.9 Ds Niemand het intussen ook **Wonderboom Suid** ten tye van, tot aan die einde van die Covid inperkingsperiode met brugbediening begelei. Die gemeente het besluit om ‘n leraar vir ‘n termyn pos te beroep.
3.3.10 Ds Niemand is tans besig om sy derde gemeente **Moregloed** met brugbediening by te staan sodat hulle by ‘n sinvolle besluit rakende die gemeente se toekoms kan kom.

4. Aanbevelings

4.1 Daar word aanbeveel dat die sinode sy opregte dank uitspreek teenoor die genoemde leraars wat met soveel toewyding gemeentes in uitdagende omstandighede begelei om goeie, verantwoordbare besluite rakende hulle toekoms te neem.
4.2 Leraars word aangemoedig om dit ernstig te oorweeg om die kursus vir Brugbediening so spoedig moontlik deel van hulle Voortgesette Teologiese Opleiding te maak.
4.3 Daar word aanbeveel dat elke ring ‘n leraar benoem om verantwoordelikheid te neem vir die koördinering van Brugbediening in die ring.

Soli Deo Gloria
DS CT Müller